

Mine Hermann

Affies

Die toekoms is die outyd

Oud-president Paul Kruger het gesê, wie vir hom 'n toekoms wil skep, kan nie die verlede uit die oog verloor nie.

Wat bedoel president Kruger? Die verlede is dan oud en ons moet aanbeweeg. Die jeug vandag sal omtrent hulle gesigte trek as hulle hoor jy praat van Paul Kruger. 'n Ou man wat glad nie relevant is vandag nie. Of so dink hulle.

Ek glo die skole se toekoms is die outyd. Ja, die skole moet terugbeweeg na Paul Kruger se dae, met tegnologie as die hulpmiddel.

Agteruit, maar voorentoe is die rigting vir skole.

Tegnologie gaan help dat skole terugkeer na die ou beproefde en gevestigde waardes van gesinne se hulp in 'n leerder se skoolloopbaan, persoonlike aandag in klasse en moedertaalonderrig.

Met die hulp van tegnologie word ouers in staat gestel om kinders meer by te staan as dit kom by onderrig. As ma vergeet het hoe om langdeling te doen, dan kan sy maklik op YouTube gaan kyk hoe iemand dit som verduidelik. Ma kan dan haar kind help met die wiskunde sonder om hulpeloos te voel. Onderwys word nie meer slegs toevertrou aan die onderwyser nie. In daardie opsigte gaan skole weer terug na die outyd, waar ouers 'n prominente rol speel in onderrig.

Nie net stel tegnologie die gesin in staat om te help met onderrig nie, dit stel die onderwyser in staat om net weer onderwyser te wees. Tegnologie is so ver ontwikkel dat dit maklik leerders kan identifiseer wat spesiale behoeftes het. Met ondersteunende programme kan onderwysers sonder moeite spesiale aandag aan hierdie leerders gee. Vroëer jare was klasse klein en die kinders kon spesiale aandag kry. Met die hulp van die tegnologie kan klasse effens groter wees en elke kind kan nog steeds die nodige aandag kry, omdat onderwysers presies weet wat die leerders se behoeftes is.

Die laaste ontsaglike belangrike beproefte waarde moet definitief terugkeer na skole. Die waarde van moedertaalonderrig. Ten spyte van mens wat glo dat die toekoms Engels is, is dit al duidelik bewys dat moedertaalonderrig die sleutel tot sukses is. Dit is die taal waarin jy die beste kan leer. Net soos uit al my ander voorbeelde, gaan tegnologie juis die hulpmiddel wees wat ons terug gaan neem na die verlede. Verskeie aanlyn moedertaalonderrig opsies is beskikbaar as hulpmiddel vir skole, byvoorbeeld Wolkskool.

Vir skole om te oorleef in die toekoms, moet hulle 'n stappie terug neem, met die hulp van tegnologie.

Net soos president Kruger sê, neem die goeie van die verlede en meng dit met moderne idees en uitvindings. Dan kry ons die regte kombinasie van hoe die skole van die toekoms móét lyk.

Die toekoms is die outyd.